Subject: BOODSKAP VAN HOOP

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!

Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg. *(Eksodus 14:14)*

Soms kan ‘n situasie vir ons hopeloos lyk. Soos toe die Israeliete vasgekeer was tussen die see en die Egiptenare in aantog. Ook in hierdie tye waarin ons nou leef is daar baie situasies wat ‘n mens angstig kan maak. Daar sal altyd uitdagings op ons pad wees.

Ons hoef egter nie vreesbevange te raak nie want God se onfeilbare Woord verseker ons van God se liefde en teenwoordigheid. As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees? (Rom 8:31), en onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld (Mat 28:20).

Dit is menslik om soms te voel asof God ons verlaat het. Ons Here Jesus het immers aan die kruis self ook só gevoel. Maar selfs deur ons lyding heen bly God steeds Immanuel – God met ons. In moeilike tye kan ons op God vertrou om aan ons die krag, beskerming en innerlike vrede te gee om staande te kan bly. Niks kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here (Rom 8:39).

Hou dus moed, geliefdes. Ons is nie alleen in die stryd nie. Wanneer ons terugkyk op ons lewenspad sal ons almal kan almal getuig van hoe God ons deur moeilike tye in die verlede gedra het. God bly altyd in beheer ten spyte van ons omstandighede. Laat ons dit nie vergeet nie. Ons is vir God kosbaar en belangrik (Jes 43:4). Hy sal sy engele opdrag gee om ons te beskerm (Ps 91:11).

Die Bybelgenootskap erken u getroue diens en bedank u vir u hartlike samewerking. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en betrokkenheid by die werk van die Bybelgenootskap. Wees verseker van ons gebede vir u asook vir u gesinne en gemeentelede. Ons by die Bybelgenootskap het groot waardering vir u.

Ons onderneem om u voortdurend in gebed aan die Here se sorg en genade op te dra. Ons verbind ons opnuut tot samewerking met u in die bediening van God se hoop vir almal.

Mag die Here u seën en beskerm!

Bybelgenootskap groete.

mike roodt
hoof: kerk- & gemeenskapsbetrokkenheid
t +27 21 910 8750 / **f** +27 21 910 8799
edwardstraat 134, bellville / posbus 5500 tygervallei 7536

waardes al ons aktiwiteite rig - **integriteit, vertroue, respek, diens, aanspreeklikheid** - sodat elkeen die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

bible society of south africa | Celebrating 200 years of Bible work in South Africa | 1820 - 2020

www.biblesociety.co.za

DISCLAIMER:
The information transmitted is intended only for the person or entity to which it is addressed and may contain confidential and/or privileged material. Any review, retransmission, dissemination or other use of, or taking of any action in reliance upon, this information by persons or entities other than the intended recipient is prohibited. If you received this in error, please contact the sender and delete the material from any computer.